



Satelliet vertrek!

Só het SumbandilaSat van die aarde af vertrek – aan boord van 'n Soyusruimtetuig in Kazakhstan, Sentraal-Asië. Daar was landwye opgewondenheid oor die lansering van dié tweede satelliet wat in die US se Fakulteit Ingenieurswese ontstaan het.

Soos Sunsat, wat vroeg in 1999 in Kalifornië in die VSA gelanseer is, het SumbandilaSat gespruit uit samewerking tussen US-personeellede en -studente. Sumbandila, 'n isiVenda-

woord, beteken “om die weg te baan.”

Regeringsteun van die Departement Wetenskap en Tegnologie, het SunSpace & Information Systems, 'n firma wat uit dié fakulteit ontstaan het, in staat gestel om Sumbandilasat in 'n rekordtyd te bou.

In die eerste paar dae nadat die vuurpyl dié mirosatelliet “afgegooi” het, moes dit waggel en skommel in sy lang baan om en om die aarde,

terwyl ingenieurs dit uit 'n laboratorium in die Fakulteit Ingenieurswese op Stellenbosch gestabiliseer en in werking gestel het.

Dit is 'n groot uitdaging om met die klein satelliet te “gesels” – om dit te stabiliseer en in werking te stel vir sy taak in die volgende jare. Later neem die Hartbeeshoek-satellietop-springstasie by Pretoria die beheertake oor en laai die belangrike inligting af wat SumbandilaSat aarde toe sein.

SU excelling in teaching and research

“When I say that Stellenbosch University should be significantly better, you should not infer that we are not good. On the contrary, we are in fact excelling in the fields of teaching and research... but we strongly believe that we may not become complacent, and should continuously strive to do even better.”

This was the message of Prof Russel Botman, Rector and Vice-chancellor, in his recent engagements with an array of stakeholders, on and off campus, on the academic performance of the University and the challenges that the institution will have to face over the short to medium term.

The meetings in Bellville, Cape Town, Pretoria and Johannesburg were well attended by business leaders, senior politicians and government officials and members of the diplomatic corps. Staff and students attended the meetings at three campuses, Tygerberg, Belville Park and Stellenbosch.

Prof Botman's invitation to outside stakeholders in particular to “engage with Stellenbosch University in finding solutions for the future” has been met with noticeable enthusiasm. At all the centres, business leaders as well as government and diplomatic representatives embraced the university's approach of science for society, and to focus research initiatives toward addressing key issues of the International Development Agenda.

To this end the University has embarked on strategic initiatives in the following areas: the eradication of poverty and related conditions, as well as promoting human dignity and health; peace and security; democracy and human rights; and sustainable ecology as well as sustainable business.

To illustrate SU's academic and research excellence, Prof Botman mentioned that the university has:

- the highest publication rate per academic staff member in the country;
- SU rated second in the county for the number of rated researchers, an

increase of 10% last year, and with five A-rated and two P-rated researchers;

- SU produces 12,5% of the research output in SA, as measured by the Department of Education; and in 2008 and again this year, SU received three National Science and Technology (NSTF) awards.

Furthermore, Stellenbosch University:

- is the top recipient of government block grants for research;
- is consistently one of the top recipients of THRIP funding;
- and it hosts three of the seven national DST-NRF Centres of Excellence.

As examples of academic excellence, he mentioned that SU awarded 6 240 degrees last year, including 2 141 post-graduate degrees and 120 doctorates; and that SU is involved in an impressive 270 HIV/Aids projects.

The rector emphasised that, as its “Vision 2015”, SU strives to be an excellent, international university; a medium sized research-focused institution; with quality and relevant teaching and community interaction; a residential town university; knowledge pioneers and builders of hope; an inclusive, value-driven university; an institution where undergraduate students can qualify in the teaching language of their choice (Afrikaans or English), with exposure to the other language; and where “Access with Success” is ensured.

The university is aiming at an increase in the percentage of post-graduate students (from 34% to 40%); and an increase in the number of undergraduate Black, Coloured and Indian students (from 24% tot 34%).

Die Universiteit Stellenbosch en die Stellenbosse Munisipaliteit se gedeelde visie van 'n tuiste vir almal het geleidelik tot 'n onlangse konferensie oor SOSIALE SAMEHORGHEID wat ook deel was van die US se Erfenisdagviering. Vir volledige besonderhede hieroor, lees die spesiale uitgawe van *Kampusnuus* later die week.

Flowing from the shared vision of Stellenbosch as a home for all, Stellenbosch University and the Municipality of Stellenbosch presented a conference on SOCIAL COHESION. It formed part of the University's Heritage Day celebrations. For full details, see the special edition of *Kampusnuus* later this week.

Laying to rest the ‘ghosts of the past’

If South Africa, the Western Cape and Stellenbosch want to build a nation where social cohesion is promoted and practiced, the “ghosts” of the past must be acknowledged before solutions can be found for the challenges that are plaguing the nation. This key thought was woven through the speeches at a conference on Social Cohesion hosted by Stellenbosch University (SU) and the Stellenbosch Municipality.

Social cohesion “is clearly lacking in South Africa”, said SU's rector and vice-chancellor, Prof Russel Botman. He warned that “too many of us think

that the road map of the future can be found by looking in the past” and suggested that the “language” of race and separation be changed to one of unity, tolerance and cohesion.

Alderman Patrick Swartz, the executive mayor, said both the university and municipality aim to provide a platform where all the people of Stellenbosch can work together to combat the challenges facing the town.

As keynote speaker at the conference, former World Bank managing director Dr Mamphela Ramphele said “structural change” is needed for

transformation. South Africa's greatest asset is that it is “a unique African country with all the attributes to be viewed as an example of success,” she said.

Our country “needs a new generation of leaders who will use every ounce of their abilities to fight poverty and insist that wealth creation and wealth distribution must go hand in hand – who will be outraged by obscene wealth in the midst of degrading poverty,” said Father Michael Lapsley, director of the Institute for Healing of Memories in Cape Town.



Prof Botman, with some of the staff members who attended the report-back meeting at the HB Thom Theatre on the Stellenbosch campus.

Op die Web / On the Web: <http://www.sun.ac.za/kampusnuus>



NEWS

On issues of diversity, race and gender

3



PEOPLE

Leading the world's library community

4



GEBOU

Ou sieraad op kampus kry nuwe binnekant4

4



KUNS

SA ervaring uitgebeeld in gesmelte plastiek

7




PRET

As werk toe gaan sportief kan wees

8

VAN DIE REDAKTEUR SE LESSENAAR / FROM THE EDITOR'S DESK



Daar was baie mense, die eerste aand. Almal en alles reg vir die groot oomblik, presies tot op die sekonde afgemeet. Sjampanje en glase, reg vir feesvier. Toe gebeur dit nie. Tweede aand, weer so. Eers die derde aand slaag dit – hy vlieg! Op die sekonde!

Dit was 'n paar weke gelede, middel-September toe die Ingenieurs-fakulteit weer kon feesvier met 'n aangrypende prestasie – om betrokke te wees by die bou van 'n satelliet wat in 'n baan om die aarde wentel. SumbandilaSat, die nuutste mikrosatelliet is die tweede een sedert vroeg 1999 waarby dié fakulteit betrokke is.

Op die voorblad is 'n foto van die vuurpyl wat dié satelliet in die ruimte geplaas het. Lees daar ook van die rektor se terugvoer-gesprekke wat tot in Gauteng aangebied is – en wat belangstelling uitgelok het in sake-, regeerings- en ander hoë kringe.

Dan is daar die voorbladberig oor “spoke” – dié wat agter 'n mens gesit moet word ter wille van hoop en samebinding, veral in ons verskeurde Stellenbosse samelewing. Dit gaan oor 'n dorp-en-akademie konferensie waar een spreker onder meer gevra het: “Wat sal toekomstige geslagte van ons sê?”

Onder op dié bladsy wat jy nou lees, is 'n bydrae oor 'n studierigting wat in 'n splinternuwe vorm aan die US herleef het, en oor 'n prysboek wat met

'n lesersbrief te wen is. Op bladsy 3 word berig oor 'n konferensie oor diversiteit – iets wat wêreldwyd beskou word as 'n noodsaaklikheid, nie 'n ‘luukse’ nie.

Lees ook van die A-gegradeerde geskiedenisnavorsers wat nou hier kom werk het. Ook die teoloog (en kunstenaar) wat met 'n huldigingsbundel vereer is.

Verder aan word vertel van die universiteit se biblioteekhoof wat die eerste Suid-Afrikaner is om leiding te neem by die wêreldliggaam vir biblioteek- en inligtingkunde. Lees ook van voerpunt-lasernavorsing, 'n deurbraak met hartsiektes en goeie nuus oor bekostigbare netwerktoegang – ook vir personeellede.

Op die kunsblad is daar nuus oor simfoniekonserte en verskeie belangrike kunsuitstallings op die kampus. En op die agterblad, foto's van pret op Losliddag.

Daar's nog meer in dié uitgawe. Geniet dit!

Hans

KAMPUSKLETS
OPPIE ROOIPLEIN!



Prof Marja Spierenburg van Amsterdam by proff Steven Robins en Kees van der Waal tydens veldwerk by Makuleke in Limpopo.

Navorsing en akademiese programme in dié rigting groei nou sterk. Dit is onlangs weerspieël deur prof Robins se professorale intreerede oor *The politics of life and social anthropology* – oor hoe ervaring en konteks bydra tot teoretiese posisie-inname en die keuse van navorsingtemas. In sy eie lewe is die sterk sosiaal-kritiese element wat sy werk vertoon en sy rol as openbare geleerde herleibaar tot sy familiegeskiedenis, waarop die Nazi-tyd se rassisme afgedruk is.

Sosiale Antropologie word altyd uit 'n bepaalde sosiale posisie bedryf en dit maak die na-apartheid tydperk besonder uitdagend, want dit dwing die vraag af: hoe hanteer 'n mens die transformasie van die samelewing as student van dié proses en as Suid-Afrikaner?

'n Deel van die antwoord lê in studente-opleiding en -toerusting om die vaardighede te ontwikkel wat vir navorsing en betrokkenheid in die samelewing nodig is – byvoorbeeld in die uitdagings rondom diversiteit of sosiale verhoudings.

Voorgraads is Sosiale Antropologie nou as 'n hoofvak beskikbaar (derdejaar vanaf 2007 en tweedejaar vanaf 2010). Groeiende studentetalle dui op die toenemende belangstelling in Sosiale Antropologie in 'n wye reeks vakkombinasies – met voorgraadse temas soos mediese, openbare en ontwikkelings-antropologie, asook kultuur, identiteit en mag.

Voorgraadse studente kry opleiding in

Ou vak herleef met 'n nuwe baadjie

Antropologie, wat as Bantoe-kunde en later Volkekunde in 1926 al by die US begin het, is deels weens dié vak se politieke bagasie in die middel-1990's uitgefaseer. In 1997 is nagraadse studie in Sosiale Antropologie egter in die Departement Sosiologie ingestel. Sedert 2002 werk prof Kees van der Waal, en vanaf 2003 ook prof Steven Robins, hier as dosente en navorsers. PROF VAN DER WAAL vertel meer hiervan:

die interpretasie en skryf van etnografie en doen beperkte veldwerk. Die rol van aspirant-navorsers is vir hulle baie opwindend, veral as dit oor 'n kultuurgrens geskied en daar 'n mate van deelnemende waarneming betrokke is.

Die studieveld is ook prikkelend vir die ontwikkeling van 'n maatskaplike bewussyn – van groot waarde in die interpretasie van tekste en openbare debatte, byvoorbeeld rondom begrippe soos ‘ras’ (wat mities en rassisties is) en ‘kulture’ (wat maklik deur identiteitspolitiek geskaak word).

Nagraadse opleiding word op verskeie punte tot op doktrale vlak in kombinasie met Sosiologie aangebied, maar met afsonderlike kwalifikasies en aksente. Dié twee dissiplines se groeiende komplementariteit geld nou ook vir die departement se naam: Sosiologie en Sosiale Antropologie. Die basis daarvoor is die positiewe waardering vir die aanvullende bydraes tot insig in die samelewing, uit 'n meer etnografiese benadering en andersyds 'n meer makro-benadering.

Ons dosente het albei lank deelnemende waarneming in landelike gebiede gedoen, gerig op die verstaan van ontwikkelingsvraagstukke en landelike sosiale situasies. Meer onlangse veldwerk volg minder van die klassieke patroon en is in verskeie opsigte vernuwend – gerig op die nie-tradisionele, stedelike, komplekse situasies, meerdere navorsingsterreine en 'n navorsingsklem op die vloei van prosesse eerder as die afbakening van 'n bevolking.

Prof Robins werk byvoorbeeld op die strategiese posisionering van aktiviste in sosiale bewegings (soos die Treatment Action Campaign) en ek self oor die kompleksiteit van plaaslike ontwikkeling in die Dwarsriviervallei naby Stellenbosch. Ons is saam ook betrokke by navorsingsprojekte oor die impak van Oorgrensparke (Vredesparke) op die Makuleke-gemeenskap in Limpopo en oor hoe Afrikaanse identiteit in die taaldebate en in nuwe populêre musiek (die De la Rey-liedjie en andere) manifesteer.

Verskeie navorsingstoekennings, insluitend beurse vir nagraadse studente, is onlangs van die Nasionale Navorsing-Stigting, die Nederlandse Sanpad-program en die Duitse Volkswagen-Stigting ontvang. Prof Robins het twee boekprojekte voltooi, wat op die publikasie van *New South African Keywords* (2008) en *From Revolution to Rights* (2009) uitgeloop het.

In die afgelope jare het sterk samewerkingsbande met kollegas aan die Vrije Universiteit van Amsterdam, die Martin-Luther Universiteit in Halle (Duitsland) en die Institute of Development Studies (Universiteit van Sussex, VK) ontwikkel, wat uitloop op gereelde werksinkels en gedeelde projekte.

Soos genoem, is Sosiale Antropologie se navorsingstemas dikwels van openbare belang en is menings vanuit dié afdeling in aanvraag, soos in 'n onlangse radiobespreking oor rassisme en in gereelde koerant-artikels.

Kampusnuus wil graag 'n platform skep vir gesprekvoering op die kampus. Menings in artikels, briewe en Kampusklets oppie Rooiplein! is dié van die betrokke individu en nie noodwendig die standpunt van die Kampusnuus-redaksie of die Universiteit Stellenbosch nie.

E-POS AAN KAMPUSNUUS@SUN.AC.ZA

Watter aandag kry al ons parkeerprobleme?

Dit lyk asof die briefskrywers “Parkeerduiweltjie” (*Kampusnuus*, 27 Julie 2009) en “Duiwelsadvokaatjie” (*Kampusnuus*, 31 Augustus) albei raak aan 'n kwessie wat baie personeellede, besoekers en veral ook studente op die Stellenbosch-kampus hinder: dat parkerruimte al hoe meer van 'n probleem word.

Kan die betrokke US-afdeling wat vir verkeer verantwoordelik is, sê watter aandag hieraan geskenk word. Was/is daar dalk al 'n ondersoek hieroor, en word daar toekomsplanne hieroor gemaak?

– Wonder maar net

Fasiliteitsbestuur, US, antwoord:

Ons is bewus van die knellende tekort aan parkeering op kampus. Ongelukkig gaan die hele dorp gebuk onder die probleem en is oplossings nie so maklik haalbaar nie.


Die aangewese oplossing sou wees om 'n openbare vervoerstelsel aan die gang te kry waarmee studente en personeel na en van die kampus sou kon beweeg. Beplanning hiervoor deur die plaaslike munisipaliteit waarmee ons in hierdie verband nou saamwerk, vorder goed.

Ongelukkig gaan hierdie droom nie oornag verwesenlik word nie en is ons derhalwe ernstig besig om te kyk na alternatiewe tussentydse oplossings vir die probleem.

Konsultante word ook tans aangestel wat ons hiermee gaan help. Hopelik kan ons eersdaags die probleem in 'n mate verlig.

Your letter can win you a book

A free copy of *Rich Mind, Rich Man* by Coert Coetzee is available for the Winning Letter that is published in the next issue of *Kampusnuus* (28 October 2009). Send your letter (not later than 14 October 2009) to kampusnuus@sun.ac.za or deliver it to the Editor, Admin B Building, Victoria Street. You may use a pseudonym, provided you supply your name and contact details (not for publication).



The free copy of *Rich Mind, Rich Man* is presented with the compliments of the publisher SUN Media and MY Media, the new bookshop on campus. Visit www.sun-eshop.co.za and read on page 7 about some of SUN Media's latest books.

Briewe kan gerig word aan die Redakteur: *Kampusnuus*, per e-pos aan kampusnuus@sun.ac.za, of met die binnepos aan Kamer B1223, Admin B-gebou, of per faks aan (021) 808-3800. Hoewel briewe op versoek anoniem of met skuilname geplaas kan word, moet skrywers se name en kontakbesonderhede asseblief by die brief ingesluit word. Briewe moet duidelik KAMPUSNUUS BRIEWEBLAD gemerk word.

BRIEWE

Diversity a necessity, says Oxford scholar

Diversity is not a luxury, but a necessity – and this is not the case only in some countries such as South Africa, says world expert on inter-group relations, Prof Miles Hewstone from Oxford University in the UK.

During his recent visit to Stellenbosch University (SU) as a guest of the Department of Psychology, he stresses that diversity is of worldwide importance. "The international workforce is increasingly diverse – and diversity is therefore important for university students who are preparing themselves to become part of a highly qualified workforce."

Hewstone, who has extensive experience in inter-group relations in various parts of the world, says "greater creativity can be derived from diverse groups." The importance of dealing with diversity is increasingly realised in various parts of the world, he says.

To him "friendships are the most powerful vehicles of change. That is why, for example, a greater diversity within university residences is so important. A university with a diverse student population must not end up as a community of different ghettos."

Tackling issues of diversity is especi-

ally important for Stellenbosch University, he says, because the university is seen "as an academic leader in the country, as an academic pinnacle."

Together with Dr Hermann Swart, postdoctoral research fellow at the Department of Psychology at SU, Hewstone is involved in envisaging a large, ambitious South African project focusing on inter-group relations at a number of South African Universities, including Stellenbosch.

It may run for some years and include a number of sub-research projects – each focused on exploring the nature of inter-group relations at South African Universities from different perspectives.

"Ideally we are hoping to launch this project during 2010, although it will depend on how soon we are able to secure the necessary funding," says Swart.

He and Hewstone may co-head the proposed project, and collaborate with a number of other South African scholars. Swart may also be involved as a principle researcher in a number of the sub-projects – in planning and executing many of the sub-projects, analyzing data, and as a co-author of the publications that could flow from the overall project.

Crossing borders in higher education:

Conference tackles diversity, race and gender issues

Prof Miles Hewstone, an Oxford academic who is well known for his work on social relations, was the keynote speaker at a recent national symposium on inter-group relations that took place at Stellenbosch University.

The symposium, entitled *Crossing borders in higher education: Promoting staff and student access through constructive inter-group relations*, was jointly organised by the Department of Psychology, the Division of Student

Affairs as well as the Office for Employment Equity and the Promotion of Diversity at SU.

It was organised in response to a government report on broader public and institutional debate around race and transformation. This followed a meeting in June this year between the minister of Higher Education and Training and the board of Higher Education South Africa (Hesa). A set of imperatives was agreed on, to advance the interests of this sector regarding

transformation, diversity, and respect for each other as well as academic quality and adequate funding.

Students and staff from a number of SA universities attended the Stellenbosch conference, where issues such as language diversity, race and gender were addressed.

Prof Hewstone, the keynote speaker, is a leading social psychologist who has published widely. His current work centres on the reduction of inter-group conflict via inter-group contact, stereotype change and crossed categorization.

He has held chairs at various universities in several countries, is a fellow of New College, Oxford and has been a fellow at a centre for advanced study at Stanford University in the US. A former editor of the *British Journal of Social Psychology* and co-founding editor of the *European Review of Social Psychology*, he is also a past recipient of a British Psychological Society medal and presidents' award for distinguished contributions.



Prof Miles Hewstone (left), during his visit to Stellenbosch, with Prof Tony Naidoo, chair of the Department of Psychology.



Kollegas en studente vereer teoloog

By die Sesde Afrika-kongres oor Pastorale Sorg en Berading vroeër dié maand in die Fakulteit Teologie is prof Daniel Louw se bydrae tot die vakgebied van Pastoraat, maar ook as kunstenaar, erken toe 'n huldigingsbundel deur van sy studente en kollegas aan hom oorhandig is. Hy is hier (regs) by die eindredakteur daarvan, dr Callie Hugo van die Departement Praktiese Teologie by Unisa. Die bundel heet *Caring for the Soul and Life – Essays in honour of Daniël Louw*. Prof Louw was sedert 1978 dosent in Praktiese Teologie, Pastorale Teologie en Pastorale Sorg en Berading by die US. In 2001-'05 was hy ook dekaan en is nou nog as emeritusprofessor by die fakulteit betrokke. Hy skilder graag en van sy werke – saam met enkele ander kunstenaars s'n – word permanent in die kapel by die fakulteit uitgestal.

One of two A-rated history researchers in SA joins SU

Prof Bill Nasson (picture), one of only two A-rated history researchers in SA, recently joined the History Department at Stellenbosch University's (SU) after spending 27 years at UCT.

He brims with excitement about his main interest – war history, which he established as a subject field at UCT.

"If you are a historian and you are interested in human behaviour, then war and conflict are situations where you will not only see people at their worse, but also witness the good in them. It is an acute way of understanding human motivation and capacity and also looks at big ideas, culture, and major events in history."

It is therefore no surprise that his recent project, a biography on Sailor Malan, focuses on a soldier.

"Malan, a big figure, a kind of liberal in the 1950s, was involved in the Torch Commando and protested against the removal of coloured voters from the voter's role," he explains. "He was an Anglo-South African figure whose life embodied the idea of a liberal South African and a liberal Britain at the same time."

Nasson grew up in Cape Town, but spent about eleven years overseas,

studying and lecturing at various universities. "I'm old enough to be in that group of people who needed a permit to study at institutions like UCT. My parents also did not want me to study at UWC, because of the whole perception that it was a 'bush' college."

At Hull University in England, he graduated with a BA joint first class honours in English and History, completed his MA in Southern African Studies at York University in 1978 and obtained a PhD in History at Cambridge in 1983.

His decision to come to Stellenbosch was driven by a month-long sabbatical at the Stellenbosch Institute for Advanced Studies (STIAS). "I had never really thought of leaving UCT and also did not want to work overseas again. But I enjoyed the environment at STIAS so much so that when an opportunity came up, I decided to grab it. This university truly provides a good working environment."

His love for history and his passion

to make the subject as accessible as possible, has ensured him a number of radio interviews, consulting jobs on various documentaries and movies, and even a role in a historical comedy feature film, *The Deal*, starring William H Macy and Meg Ryan. The movie was featured in a major film festival.

"They wanted me to advise them on a parliamentary debate in the 1880s, and then asked me to play the role of the speaker of the House of Commons. I might be the only historian to have acted in a film," he jokes.

Nasson enjoys writing. "History is literal – and historians should write for wide audiences. As an academic I have always felt quite serious about that."

He wants to get more involved in postgraduate supervision, and contribute to expanding postgraduate research in the Stellenbosch History Department. He also plans to do a lot of research here.



E-POS AAN KAMPUSNUUS@SUN.AC.ZA

Hoe word oor mediese skema besluit?

Ek het al gewonder, en verskeie ander mense het al vir my gesê hulle deel ook my ongemaak met die feit dat die Universiteit blykbaar verbind is aan slegs een Mediese Hulp-skema.

Die mediese spreekkamers waarop ek in die afgelope tyd aangewese was, het almal (en nogal uitgesproke!) laat blyk dat hulle nie ons skema se lede "bedien" nie. Jy moet self jou eise indien, ens. en by een spreekkamer is daar selfs ook 'n prominente kennisgewing hieroor – wat nie na ander skemas nie, maar net na ons s'n verwys; en daar is selfs 'n spotprentjie oor ons skema se betrokkenheid by vakansies en ander dienste eerder as by mediese versekering (nogal 'n verleentheid).

Nou wonder mens of ons as lede dalk enige keuse kan hê om eerder 'n ander skema te gebruik. Ook: wanneer, hoe en wie besluit dat slegs hierdie betrokke skema geld vir US-personeellede (en veral oudpersoneellede, wat nie altyd te gesond is nie).

- Bekommerde skemalid

Menslike Hulpbronne se kommentaar hierop:

Die Universiteit besef deeglik hoe belangrik dit is dat daar sorgvuldig ondersoek ingestel word na die US se gekose mediese skema. Daarom word 'n omvattende oorsig jaarliks gedoen om vas te stel of die US se mediese dekking voldoen aan die behoeftes van die US-lede, in-diens sowel as pensioenarisse.

Sedert die US in 2003 by Discovery Health aangesluit het, het die US dus jaarliks deelname aan die skema vir 'n komende jaar herooreweeg. By elke oorsig word bepaal watter positiewe en negatiewe punte oorweeg moet word as die US na 'n ander skema sou skuif.

Sedert 2007 is die vraag rondom sommige van die mediese praktisyne op Stellenbosch se negatiewe gevoel teenoor Discovery Health met dié skema bespreek, en weens die US se bekommernis hieroor werk Discovery Health in die afgelope twee jaar hard om dié gevoel te verander. Dit is egter 'n

sensitiewe aangeleentheid wat slegs deur positiewe wisselwerking tussen die praktisyne en Discovery Health opgelos kan word.

Die feit is ook dat minder as 3% van die totale getal eise wat Discovery Health jaarliks van die US ontvang, in papierformaat is; 97% daarvan is elektronies – die praktisyne stuur die eis elektronies namens die lid aan die skema.

Die genoemde spotprentjies is ook 'n aanduiding dat die spotprenttekenaar nie verstaan hoe die Discovery Health Mediese Skema werk nie. Mediese skemas word streng gereguleer deur wetgewing en die lede se geld kan net gebruik word binne die bepalinge van die Wet op Mediese Skemas van 1998 en daaropvolgende regulasies.

Die vakansies, gimnasiunbesoeke, fliekkaartjies, vliegtuigkaartjies, goedkoop kos, ens. word gefinansier deur die bydraes wat die lede tot Vitality maak en Vitality vorm nie deel van die mediese skema nie. US-lede word ook nie verplig om aan Vitality deel te neem nie.

Onderrigakademie bied kursus oor onderriginspirasie

Die aanbreuk van die lente bring hernieuwe energie en inspirasie, ook vir onderrig!

Die Sentrum vir Onderrig en Leer (SOL) bied op 27 en 28 Oktober die jaarlikse Lente Onderrigakademie aan. 'n Reeks werksinkels oor professionele onderrig word in drie parallelle sessies oor twee dae aangebied.

Onderwerpe sluit in effektiewe assessering (ook elektronies) en vinige terugvoer daarop, die motivering van tutors, navorsing oor onderrigkwaliteits, die hantering van diverse studentegroepes, en die gebruik van Web2.0. Die volledige program, opsommings van die werksinkels en 'n inskrywingsvorm is beskikbaar by http://www.sun.ac.za/sotl/Lente_Akademie/index.html en op die SOL-webwerf. Registrasies sluit 7 Oktober. Navrae: Dr Karin Cattell, kcattell@sun.ac.za of 021 808 3074.



Prof Anton van Niekerk

Eenheid vir Bio-Etik kry nog twee jaar se steun

Die Eenheid vir Bio-Etik, een van die eenhede in die Sentrum vir Toegepaste Etik in die Departement Filosofie, het pas verneem dat dit vir 'n verdere twee jaar deur Medi-Clinic Suid-Afrika finansiële ondersteuning gaan word. R100 000 per jaar word vir nog twee jaar toegeken. Dié ondersteuning het in 2003 al begin.

Prof Anton van Niekerk, die sentrum se direkteur én hoof van die eenheid, sê die geld word gebruik om die eenheid se navorsing, onderrig en dienslewering te ondersteun.

Die eenheid se Stellenbosse afdeling, waar prof Van Niekerk die leiding neem, doen navorsing oor bio-etiese vraagstukke soos genadedood, genetiese manipulasie, ingeligte toestemming en die etiese vraagstukke wat die MIV/vigs-pandemie oproep. Dit bied ook 'n magisterprogram in bio-etiek aan en lewer diens, veral in etiekkomitees. 'n Hele aantal doktrale studente doen ook navorsing oor bio-etiese vraagstukke.

Prof Keymanthri Moodley lei die Tygerberg-afdeling, wat verantwoordelik is vir die onderrig van mediese etik aan al die voorgraadse studente in die Fakulteit Gesondheidswetenskappe.

Die eenheid het 'n indrukwekkende reeks aktiwiteite en navorsingsuitsette. Lees meer hieroor – en oor die res van die Sentrum vir Toegepaste Etik – in die sentrum se jaarverslae by www.sun.ac.za/philosophy/cae

Naas die Eenheid vir Bio-Etik, bevat die sentrum ook eenhede vir Omgewingsetik en Sake-etiek.

Library head leads world organisation

Ms Ellen Tise, Senior Director: Library and Information Service, has become the first South African president of the International Federation of Library Associations (IFLA). She was inaugurated as president at IFLA's recent world congress in Italy.

Her appointment means a great deal to Stellenbosch University and the country as a whole. It gives recognition to our country's contribution to and impact on the development of the LIS sector locally, regionally and internationally. With high standing worldwide, IFLA is affiliated and has relations with other key international organisations such as Unesco as well as the UN, the international councils for Science, for Archives and for Museums and the International Publishers Association.

With many challenges concerning library and information science in Africa, her presidency is also significant in terms of this continent. The presidency could assist other African

countries in finding appropriate models and canvassing support.

Ms Tise's presidential theme is *Libraries driving access to knowledge* with specific focus on user orientation, advocacy, library as place, the role of libraries in social inclusion and the need for strong partnerships. Libraries have a great role to play in society and are continuously changing and involving technology to make information more readily available in the media associated with the era.

Access to knowledge is crucial in the 21st century, but libraries have to redefine access in view of new technologies and diverse user groups who might be excluded for various reasons. The theme aims to highlight the concept of libraries as the driving engines behind access to knowledge.

"My vision and objectives for my term in office will focus on six points," says Ms Tise. "These are advancing IFLA's advocacy role at an international level; increasing advocacy training opportunities for libra-

rians; continuing to position libraries within the Information Society as drivers of access to information and facilitators of knowledge generation; strengthening existing partnerships; creating new partnerships within and related to the sector; and leveraging the emerging global movement of A2K to the benefit of the profession."

Highlights in her programme will include representing IFLA at major international events. Following the congress in Milan, she attended and addressed the centennial celebrations of the National Library of China in Beijing earlier this month. She has also been invited to give a keynote address at the International Academic Library Conference in New Delhi in India in October. Later that month she will deliver a lecture as "distinguished lecturer of 2009" at the University of Illinois.

Two presidential meetings will also be held during her term. The first one will be hosted in Stellenbosch early



Ms Ellen Tise

next year, and the second one in 2011 at the IFLA headquarters at the Royal Library of the Netherlands in The Hague. IFLA was established in 1927 and has 1 700 members from 150 countries across the world.

Ellen Tise, former deputy university librarian at Wits University, was university librarian at UWC until 2005.

FASILITEITSBESTUUR: FINANSIES

Skuiif kan sorg vir nóg beter kliënte-diens

'n Nuwe pos, Uitvoerende Direkteur: Bedryf en Finansies (UD: B&F) in die rektor se bestuurspan sowat twee jaar gelede, het baie nuwe samewerking gebring tussen die verskillende Steundienste-afdelings, wat rapporteer aan die UD: B&F, prof Leopoldt van Huyssteen.

Van die nuutste verwickelinge in die voortdurende strewe tot beter dienslewering is dat personeel wat vir die finansiële administrasie verantwoordelik is van Fasiliteitsbestuur na Finansies geskuif is.

Hulle sorg onder meer vir die daaglikse finansiële transaksies en kontroles, aankope en voorraadbeheer, maandverslagdoening en begrotings van Fasiliteitsbestuur se onderskeie departemente naamlik Eiendomsdiens, Beplanning & Ontwikkeling, Fasiliteitsdiens, Risiko- en Beskermingsdiens asook die oorhoofse Bestuur.

Dié personele val nou binne onderskeidelik die afdelings Aankope en Finansiële Beplanning en Batebestuur (voorheen Fondse- en Batebestuur en Spesialisdienst).

In die Afdeling Aankope word die



Prof Leopoldt van Huyssteen (regs) het by 'n teengeleentheid die personeel van Fasiliteitsbestuur: Finansies en Aankope bedank vir hul samewerking in die oorgangproses, en hul deurlopende goeie diens. Van links is Manie Lombard (Hoofdirekteur Finansies), Madeleine Malan en Annatjie Venter (Fasiliteitsbestuur: Finansies), Hendri Knoetze en Charles Hector (Fasiliteitsbestuur: Aankope) en Helette Pieterse (Adjunkdirekteur Finansiële Beplanning en Batebestuur). Inlas: Gaynor September, Fasiliteitsbestuur: Finansies. Riaan Basson (wnde Hoof: Aankope) was ook nie by toe die groepphoto geneem is nie.

funksies van voorraadkontrole en aankope nou verrig deur Charles Hector en Hendri Knoetze. Die personeel wat onder andere toesien dat die begrotings klop en rekeninge betaal word, verrig hul funksies in die Afdeling Finansiële Beplanning en Batebestuur, maar omdat hulle nou

met Fasiliteitsbestuur saamwerk, is hul kantore steeds by Eiendomsdiens gesetel. Hul kollektiewe naam is Fasiliteitsbestuur: Finansies, en die betrokkenes hier is Madeleine Malan, Annatjie Venter en Gaynor September, met Hennie Koch wat nou by Tygerberg uithelp en 'n

vakante pos wat ook nog gevul moet word.

Daar word voorsien dat dié skuiif sal bydra tot nuwe samewerking tussen afdelings, vinniger besluitneming, goeie finansiële bestuur en beplanning en uiteindelik beter kliëntediens aan alle gebruikers op kampus.

Maties are top financial wizards



Mr Herman Beukes

Stellenbosch University partners with the Financial Planning Institute of Southern Africa (FPI) to offer a formal post-graduate qualification, the Post-graduate Diploma in Financial Planning. This gives access to global CFP accreditation.

Earlier this year 34 SU students qualified as Certified Financial Planners (CFP®), and 14 of them passed the demanding qualifying examination with distinction.

Two of these students recently achieved further acclaim from the FPI. Mrs Michelle Buckle received the Runner Up Top FPI Case Study award, and Mr Herman Beukes received the national Runner Up Top Overall Student award.

The international pass rate for this diploma is 42% and at SU it has been in excess of 95%.



Hennie Rudman

Ou gebou se binnekant word sensitief gemoderniseer

Verloop alles glad, kan die omvattende herinrigting van die Fakulteit Agriwetenskappe se oudste gebou, die JH Neethling-gebou in Victoriastraat, teen die middel van Desember voltooi wees.

Dié sierlike gebou wat uit 1925 dateer, huisves voortaan net die Departement Wingerd en Wynkunde – nadat die departemente Grondkunde en Hortologie vroeër na die Lombadi-gebou verskuif het.

Die JH Neethling-gebou moes heringerig word weens die groei van Wingerd- en Wynkunde en sodat dié departement sy uitgebreide navorsings-, opleidings- en diensleweringverpligtinge kan nakom.

"Naas die verf en herstel van die gebou se buitekant, behels die bouwerk die opknep en herinrig van die hele gebou," sê mnr Anton Kriel van die Afdeling Fasiliteitsbestuur. "Dit sluit ook die benutting van dakruimtes en ruimtes in die kelder in."

Buite aan die gebou word nie verander nie. "Die beplanning en ontwerp vir die verbouing binne-in die gebou is van die begin af baie sensitief benader – om die gebou se karakter te bewaar maar terselfdertyd die optimale be-

nutting van ruimtes te verseker," sê Kriel. Munisipale goedkeuring rakende erfenis- en estetiese oorwegings is deeglik in ag geneem.

"Die gebou se ontwerp, ouderdom en algemene uitleg was vir Fasiliteitsbestuur, Wingerd en Wynkunde en die konsultantspan 'n besonderse uitdaging – veral om die optimale benutting en vernouing van bestaande ruimtes en die skep van nuwes te verseker," sê Kriel.

Die belangrikste veranderinge in die gebou behels die herinrig van bestaande ruimtes en die skep van nuwes vir wynkelder-gebruik in die kelderverdieping. Nuwe koelkamers, fermentasielokale, laboratoriums en 'n bottelingsarea word ingerig. Vir beter toeganklikheid word 'n hysbak ingerig.

Openbare gebruiksaas – wat 'n sentrale onthaalplek, 'n proelokaal en seminarlokaal insluit – word op die grondverdieping ingerig. Op die eerste verdieping is die laboratoriums herbeplan om vir optimale gebruik ingerig te word. Nog 'n belangrike vernouing is dat die bestaande, voorheen onbenutte dakruimtes nou ingerig word as werksareas vir studente en vir opgegradeerde konferensielokale.

German support boosts laser science

When Stellenbosch University (SU) doctoral student Alexander Heidt recently received a student prize at the annual congress of the South African Institute of Physics (SAIP), his success not only reflected positively on the standard of education in the SU Department of Physics, but also on a fruitful exchange programme between German universities and the SU.

He is one of four German students to study at the Laser Research Institute (LRI) in the Department of Physics since 2002, thanks to a successful partnership with the German Academic Exchange Service. This has led to valuable work being done in the fields of laser spectroscopy and optical fibre laser research.

Commonly known as DAAD, the "Deutscher Akademische Austausch Dienst" has over the years also been a keen supporter of other research and educational programmes at SU, notably in the fields of theology, economy, mathematics and German.

Alex recently presented excerpts from the Stellenbosch-DAAD success story at a conference held in conjunc-

tion with the world's largest laser expo, CLEO-Europe conference, in Munich. His presentation was well received and has already led to new collaborations.

According to SU Department of Physics chairperson Prof Erich Rohwer, the LRI has had a long history of research collaboration in laser science with the Institute of Photonic Technology (IPHT) in Jena in Germany. Prof Herbert Stafast of the IPHT has, for instance, been an extraordinary professor at SU for a number of years.

This partnership has been strengthened over the past few years, thanks to support by DAAD, and has had numerous positive spin-offs.

The first femtosecond laser to be assembled in Africa was set up by the first German physics student to come to Stellenbosch through the DAAD agreement. Torsten Scheidt set it up as part of his doctoral project.

Gibson Nyamnuda has since continued with Torsten's work by using the femtosecond laser to investigate defects in silicon, that can contribute to the further size reduction of silicon

electronic devices used in, for instance, computer chips. Gibson, who is working towards his doctoral degree, recently spent three months at the IPHT.


Another German student, Marco Franke, who is spending six months at the LRI, chose SU because it houses the only vacuum UV laser facility available to laser scientists in the world. It was set up by SU senior lecturer Dr Christine Steenkamp.

His work has direct industrial application since it can help to increase the lifespan of the optics used in laser lithography during the production process of computer chips.

"The DAAD/Laser Research connection has been a very valuable one, and we hope that it will go from strength to strength," Prof Rohwer reflects.

— ENGELA DUVENAGE

Alex Heidt is one of four German students to study at the Laser Research Institute (LRI) in the Department of Physics since 2002 thanks to a successful partnership with the German Academic Exchange Service (DAAD).



Navorsers ontdek geen wat lei tot hartsiektes in sekere SA families

Ná 'n wetenskaplike studie van meer as drie dekades het navorsers van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe – saam met internasionale vennote – die geen gevind wat 'n oorerflike hartsiekte, bekend as progressiewe familiële hartblok tipe I, in 'n groep Suid-Afrikaanse families veroorsaak.

Die voorsate van al dié families kan teruggespoor word na 'n immigrant wat in 1696 in Tafelbaai aan wal gestap het.

Prof Andries Brink, 'n hartspecialis en voormalige dekaan van die fakulteit, het die siekte in 1977 vir die eerste keer beskryf. In 1986 het sy seun, prof Paul Brink, in samewerking met prof Valerie Corfield – albei van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe – begin met 'n wetenskaplike soektoeg na die genetiese mutasie wat die siekte veroorsaak.

Weens die vermoede dat die probleem dalk oorerflik kon wees, is die hulp van dr Marie Torrington, 'n spesialis op die gebied van genealogiese navorsing, ingeroep. Sy het uiteindelik die siekte naspoor na ander families – van wie die meeste uit die Oos-Kaap afkomstig was.

Progressiewe familiële hartblok word veroorsaak deur 'n onderbreking van die elektriese impulse wat die hart se kontrakies bepaal.



Proff Paul Brink en Valerie Corfield.

"Die siekte kan vanaf geboorte tot op gevorderde leeftyd voorkom en in sommige gevalle is dit selfs in die baarmoeder gevind. Vandag kan die hartspoed van 'n pasiënt beheer word met die tydige implantasie van 'n pas-aangeë. Voor die koms van dié apparaat, het die siekte die lewens van die meeste van sy slagoffers geëis, sê prof Paul Brink.

Hy en Corfield het die mutasie nagespoor tot 'n klein gebied op chromosoom 19 wat ongeveer 80 gene bevat. Hul soektoeg na die geen, waar hierdie mutasie lê, het onlangs tot

einde gekom toe die Stellenbosch navorsers, in samewerking met wetenskaplikes van Hamburg en Münster in Duitsland, die spesifieke oorsaaklike geen in die groep van 80 gene kon identifiseer.

Die studie, wat jarelange navorsing verteenwoordig en dikwels ander navorsingspanne, geneeshere, hartspecialiste en tegnoloë van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe betrek het, is in die September uitgawe van die internasionale *Journal of Clinical Investigation* gepubliseer.

Aansukkel vir 'n 'blinde toets'

Natuurwetenskappe se dekaan, prof Eugène Cloete (regs) was vroeër dié maand vir sowat 'n halfuur geblinddoek om "die gevoel van blindheid" te ervaar. By hom is Rynhardt Kruger, 'n Matie wat blind is. Prof Cloete en verskeie ander dekane het van die Rooiplein af na die RW Wilcocks-gebou toe aangesukkel vir 'n "verpligte klastoets" wat mnr Ntsaki



Mashele, 'n Matie met lae visie, die nie-gestremdes en dié met 'n gestremdeheid laat skryf het. Agriwetenskappe se dekaan, prof Mohammad Karaan, was "doof" vir dié geleentheid en die studentedekaan, mnr Llewellyn MacMaster, moes met 'n kruik loop. Dit was deel van 'n bewusmakingsveldtog oor gestremdhede op die kampus – wat gereël is sodat senior bestuurslui vir 'n kort rukkie kon ervaar hoe dit kan wees om met 'n gestremdeheid te leef en wat sulke studente daagliks ervaar. Elke bestuurslid is na die "toetslokaal" vergesel deur 'n student met 'n gestremdeheid, en daarna is gretig vrae gevra en ervarings uitgeruil.

Bekostigbare netwerktoegang by Stellenbosch beskikbaar

Die Stellenbosch-gemeenskapsnetwerk bied nou vir US-personeellede en -studente teen 'n billike prys van die huis af toegang tot die internet en US-stelsels.

'n Saamspanprojek van die US en die Stellenbosse munisipaliteit – bekend as SCN, die afkorting vir Stellenbosch Community Network – help dat Stellenbosers, ook US-personeel en -studente wat hier bly, koordlose toegang tot die US-netwerk asook munisipale dienste kry.

Die projek spruit uit 'n ooreenkoms tussen dié twee instansies in 2006, sê mnr Joe Smit, direkteur van IT-gebruikersdienste by die US. Die universiteit het destyds vir prof Johan Lourens (wat intussen skielik dood is) en dr Riaan Wolhuter, albei van die Departement Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese, gevra om na te vors waar die beste plek vir netwerktoegangs in Stellenbosch is.

"Ons wou WIMAX gebruik – 'n koordlose tegnologie vir data-oordrag, soortgelyk aan Wifi-tegnologie, met dié voordeel dat jy nie soos met Wifi 'n siglyn tussen die twee verbindinge nodig het nie," verduidelik Smit.

Maar omdat Suid-Afrika se Onafhanklike Kommunikasie-owerheid lankal nie meer WIMAX-lisensies uitreik nie, is daar vir die kampus besluit op 'n koordlose netwerk wat openbare Wifi-tegnologie gebruik. Die munisipaliteit en universiteit het saam 'n lisensie gekry vir 'n privaat telekommunikasienetwerk – waar dit ook al in Stellenbosch en omgewing nodig is.

Dié netwerk, sê Smit, is veral voordelig vir privaat studente wat in en naby Stellenbosch bly. "Baie studente het gekla dat net koshuisinwoners netwerktoegang deur die netwerkpunte in hul kamers het. Nou kan enige student in die dorp – wat voorheen ten duurste 'n ADSL-verbinding moes aanskaaf – ook dié koordlose tegnologie gebruik."

Ook personeel kan nou só van die huis af e-pos-, internet- en

personeelportaal-toegang kry. Vir internetgebruik tuis moet 'n mens natuurlik met jou eie internetgebruikersnaam en wagwoord aanmeld, sodat die koste na jou personeel- of studenterekening oorgedra kan word."

Daar is nou meer as 120 toegangspunte aan die SCN gekoppel – individue maar in baie gevalle ook huise of woonstelle wat meer as een student bedien.

Om so by die netwerk aan te sluit, moet 'n mens die nodige Wifi-toerusting koop. Dié toegangspunttoerusting kos volgens Smit sowat R1 200, maar dié uitgawe is gelukkig net eenmalig. "Dit is belangrik om vooraf te bepaal of jou woonplek 'n direkte siglyn na een van die torings op Helshoogte-koshuis, Papegaaikop of Bottelarykoppie het. Dit beteken maar net dat jy sonder bemerking van bome of geboue die toring moet kan raaksien van die plek af waar jou toegangspunt geïnstalleer word," sê hy.

"As dit baie bewolk is of as dit reën en jou sein is effens swak, kan die sein by tye onderbreek word. Dit is ongelukkig die probleem met dié soort tegnologie."

Die beste sein, sê hy, sal te kry wees "as jy 'n siglyn na die Helshoogte-koshuisdak het waar die meeste van die toegangspunte geïnstalleer is. Die torings op Papegaaikop en Bottelarykoppie maak dit veral vir studente in Brackenfell, Kraaifontein en gedeeltes van Kuilsrivier moontlik om by die netwerk aan te sluit."

Vir meer inligting hieroor kan personeellede eers die SCN-webtuiste by <http://www.scn.za.net/> besoek of die IT-hulplyn by 021 808 4367 bel. Studente moet IT se studentedienssentrum in Joubertstraat besoek. Stuur ook gerus 'n e-pos aan Joe Smit by jsmit@sun.ac.za

DLC FIRE PLACE Houtverkope

Braaihout: Black wattle : R600-00 1000 stukke

Kaggelhout: Bloekom : R550-00 1000 stukke

Die afsaag van bome

Kontak : Desmond 021 886 59 22 / 0840473203

Twee nuwe gesigte by Interaktiewe Telematiese Dienste

Interaktiewe Telematiese Dienste het twee nuwe personeel-
lede. Me Zainab Suliman is onlangs aangestel as senior ad-
ministratiewe beampte en sedert vroeër dié maand is
me Lucille Müller hier in 'n nuwe pos as multimedia-adviseur.

Zainab is veral vir die afdeling se
finansiële bedryf- en bestuursinlig-
tingstelsel verantwoordelik. Sy werk
sedert 2003 by die US, eers by die JS
Gericke Biblioteek, daarna as eerste
sekretaresse van die Senior Direkteur:
Finansies en Batebestuur, en vanaf
Mei verlede jaar is sy tot persoonlike
assistent van die Viserektor: Navor-
sing bevorder.

Haar verantwoordelikhede sluit
onder meer die besprekings van die
ateljee vir uitsendings in, asook die
benutting van die US se videokon-
ferensie-eenheid wat in die afdeling
gesetel is.

Lucille adviseer onder meer dosente
oor die benutting van multimedia in
virtuele leeromgewings. "Deur die skep-
ping van tegnologiegesteunde virtuele
leeromgewings," verduidelik sy, "word
benewens kontakssessies, addisionele
leergeleenthede vir nagraadse studente
beskikbaar gestel. Die verhoging van
die virtuele mobiliteit van studente
maak die akademiese aanbod van die
Universiteit meer toeganklik en so-
doende word die deelnamekoers van
alle gemeenskappe aan Hoër Onder-
wys verhoog."

Sy sê as dit nodig is, ondersteun sy
dosente met verskeie multimedia
sagtewarepakette en bied werks-

winkels aan om dié soort program-
matuur in hul eie akademiese omge-
wings toepaslik te gebruik.

Lucille het 16 en 'n half jaar se
ondervinding in multimedia en 'n wye
kennis van verskeie sagteware-
pakette. In die afgelope dekade het
sy by Humarga (die Humaniora se
rekenaargebruikersarea op kampus)
rekenaargesteunde onderrigprogram-
me in die Humaniora ontwikkel. Dit
het die samestelling van teks, grafika
en animasie ingesluit sowel as die
opname en verwerking van video en
klank.

In die multimedia-omgewing het sy

dosente opgelei en ondersteun, en self
'n aantal kursusse bygewoon om op
hoogte te bly van nuwe sagteware. Sy
het ook verskeie dosente- en studente-
kursusse aangebied in die grafiekpro-
gram Adobe Photoshop.

In die afgelope paar jaar het sy ook
in grafiese ontwerp by die Depar-
tement Visuele Kunste klasgegee. Met
haar kennis van grafiese ontwerp was
sy ook betrokke by verskeie ander
US-omgewings se multimediaprojekte
– onder meer oor die ontwerp van
plakkate, brosjures en pamflette,
asook die grafiese uitleg van leer-
materiaal.

Ná haar skoolloopbaan op Stellen-
bosch het Lucille balletonderwys
gestudeer aan die Universiteit van
Kaapstad waar sy haar diploma met 'n
gemiddelde van bo 75% geslaag het.
In haar finale jaar was sy die top-
student.

Sy het ook 'n medalje gekry as die
beste potensiële onderwyseres en het
die hoogste punt vir alle praktiese
eksamens behaal, en is 'n inter-
nasionaal gekwalifiseerde ballet-
onderwyseres by die *Royal Academy
of Dancing* in Londen.

Vir meer oor die afdeling, lees
<http://academic.sun.ac.za/ite/>



Zainab Suliman



Lucille Müller

Foto's: Hennie Rudman

Afskop:

Begin die spel.

• Kickoff | Khaba



Ondersteun twintig tien



Wetenskapsekspo gaan van krag tot krag

Deelname aan die Stellenbosse
streekskompetisie van die Eskom
Expo vir Jong Wetenskaplikes het die
afgelope dekade verskeie deure oop-
gemaak vir leerders van die Boland,
Overberg, Weskus en Swartland – van
universiteits- en vliegtuigdeure tot in
uitstallokale wêreldwyd.

Die kompetisie bied jaarliks aan
graad 7- tot 9-leerders heelwat meer
as net blootstelling aan hoe dit voel
om 'n wetenskaplike te wees of wat
gedoen moet word om 'n goeie na-
vorsingsprojek te voltooi.

"Dit het al talle leerders help besef
dat hul drome waar kan word," sê
Erika Hoffman, hooforganiseerder van
die Stellenbosse streekskompetisie
van die Eskom Ekspo vir Jong Weten-
skaplikes – wat vanjaar vir die tiende
keer deur die Fakulteit Natuurweten-
skappe en die Instituut vir Wiskunde-
en Wetenskaponderwys (IWWOUS)
in die Fakulteit Opvoedkunde aan-
gebied is.

Vir baie leerders het hul bekroonde
projekte al deure help oopmaak vir
toelating tot spesifieke studieprogram-

me soos gesondheidswetenskappe.
Ander kon hul vlerke oorsee gaan
sprei na internasionale wetenskaps-
olimpiades, van Namibië tot China,
Hongarye of die VSA. Twee deel-
nemers het selfs die Nobelprys-
toekennings in Swede bygewoon.

Expo vir Jong Wetenskaplikes is 'n
internasionaal erkende organisasie wat
leerders aanmoedig om navorsing te
doen. Hulle leer probleme identifiseer,
hipoteses formuleer, data versamel en
ontleed, afleidings maak en hul be-
vindinge doeltreffend aan ander men-
se oordra.

Die hoofdoel is om wetenskap in
skole te bevorder, kritiese denke aan
te moedig en leerders te help om pro-
bleme of vrae sistematies en weten-

skaplik aan te pak.

Die Stellenbosse streekskompetisie,
'n uitvloeisel van die nasionale kom-
petisie, het in 2000 met net enkele
skole begin as deel van IWWOUS
se missie om wetenskaplike en
wiskundige onderrig in die streek
te verdiep.

"Vandat wetenskaplike navorsing
en projekwerk deel van die nasionale
skoolkurrikulum geword het, lei
IWWOUS jaarliks groepe onder-
wysers en hul leerders stap-vir-stap op
om navorsing te doen," sê Anneke
Müller, ook van IWWOUS.

Altesaam 350 leerders van 44 sko-
le het aan die streekskompetisie deel-
geneem, en 216 projekte is ingeskryf,
oor 'n verskeidenheid onderwerpe in
25 kategorieë.

Prof Magda Fourie, Viserektor:
Onderrig (vierde van regs) en
IMSTUS-direkteur dr Kosie Smit
(regs) help doodblaas aan die
verjaardagkoek se kersies.



Engela Duvenage

ADVERTENSIES/CLASSIFIEDS

TE KOOP / FOR SALE

For Sale: 3 bedroom Townhouse in security complex in De Tjager. 5km from Tygerberg hospital. Contact 082 979 4667.

For sale: National Geographic Magazines 1992-1995. Each year complete set. R 120 per year; outstanding condition. Contact bap@sun.ac.za or 021 855 2409

Mountain Bike: Raleigh Nomad Trail Bike large, brand new, unwanted gift. R3500.00. Please call 082 979 4667.

Sleepwa – Ideaal vir kampeer/visvang/jag: Verhoogde onderstel met Munro skokbrekers, nuwe bande, spaarwiel, 2x Jerry kanne vir Brandstof/Diesel. Baie netjies. Prys:

R6 200 of naaste kontant aanbod. Skakel Riaan Hanekom 083 267 6752

TE HUUR / TO LET

Somerset West: Furnished 2,5 bedroom flat to rent on daily basis. 4bed & full bathroom. Secure parking. R350 per day for flat. Contact: 082 439 8808

VERBLYF / ACCOMMODATION

Stellenbosch: Luukse woonstel vir 2 persone. Selfsorg/etes verskaf. Veilige parkering. Privaat tuin. Besoek www.andria.co.za of skakel 073 1946 382 of 021 883 3322.

Somerset West: Accommodation in

Somerset West for parents plus Student: New Self-catering Unit for two plus one over 15 years. Two adults R450 per day, plus R80 for additional Family member. Please phone: 021 851 1475 or cell: 083 754 2493 or email: gudrunholidays@gmail.com

Verblyf Stellenbosch: Selfversorgende akkommodasie in Jonkershoekweg. Maksimum 3 persone, R120-00 p.p.p.dag. Heerlik, gesellig en absoluut privaat. Ideaal vir besoekende ouers. Kom kyk gerus self, of besoek www.121jonkershoekroad.co.za Kontak 021 883 3104 of rdk@sun.ac.za

Mosselbaai – Perna Perna: Luukse woonstel met see-uitsig vir September vakansie. Drie slaapkamers, twee badkamers. Ten volle toegeruste kombuis. Woonstel word daagliks gediens. Toegewysde veilige parkering in die kompleks. Betaal net die heffing van R3 400, of R550 per dag. Kontak Ria Burrows by 082 572 0742; of e-pos mmb2@sun.ac.za

Gastewoonstel in Die Boord: Dubbel en suitslaapkamer plus groot oopplan kombuis-leefvertrek net dubbel slaapbank. Swembad en braai. Skakel: 083 269 3325.

Stilbaai: Strandhuis (4 en suite slaapkamers plus dubbelslaapbank) voor op hoofstrand beskikbaar van

1 -27 Desember 2009. Skakel: 083 269 3325

SAAMRYKLUB / LIFT CLUBS

Stellenberg/Vredeloof - Stellenbosch: Bestaande ryklub soek persoon woonagtig in Stellenberg/Vredeloof area om aan te sluit. Eie vervoer is noodsaaklik. Wersure: 07:45 - 16:30. Kontak: M Hanekom 021 808 2601

Somerset-Wes – Stellenbosch – Somerset-Wes: Persoon met eie motor word gesoek vir saamryklub. Ma - Vr 8:00 tot 13:00. Kontak Alma 021-808 2117 (informa@sun.ac.za) of Vanessa 021-808 2500 (vs@sun.ac.za)

Akademie huldig Fagan met Rektorskonsert

Vanjaar se laaste simfoniekonsert in die Endlersaal, op 3 Oktober, met prof Corvin Matei as dirigent van die US Simfonieorkes, is in meer as een opsig 'n spesiale geleentheid.

Dié "Rektorskonsert" staan nie net onder beskerming van die Rektor en Visekanselier, prof Russel Botman, nie, maar verdien ook spesiale vermelding omdat dit deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns geborg word, en dat die hoofwerk op die program Gideon Fagan se *Karoo-simfonie* is, wat nog net met die eerste uitvoering (1977) volledig in die openbaar uitgevoer is.

Die Akademie, wat vanjaar honderd jaar oud is, het in dié tyd op verskeie maniere hulde gebring aan 'n verskeidenheid skeppende en uitvoerende SA musici, onder meer bekendes soos Anton Hartman, Mimi

Coertse, Cecilia Wessels en vele andere – én Fagan wat in 1979 die Akademie se erepenning vir musiek ontvang het.

Gideon Fagan (1904-'80) was lid van 'n familie wat almal in 'n mindere of meerdere mate 'n bogemiddelde belangstelling in musiek gehad het: sy ouer (vroeggestorwe) broer Johannes was ook 'n beroepsmusikus, en die oudste broer, die destydse hoofregter H A (Henry) Fagan het self graag klavier gespeel en vir sy eie plesier gekomponeer.

Ná sy opleiding in Kaapstad is Fagan in die vroeë twintigerjare na Londen, waar hy dirigering onder vermaarde musici soos Adrian Boult en Malcolm Sargent en komposisie onder Ralph Vaughan Williams gestudeer het.

Die dilemma van plaaslike werks-

geleentheid destyds was duidelik nog meer kritiek as vandag: Fagan het in 1926 na SA teruggekeer met die oog op 'n posisie as dirigent of dosent, maar moes 'n jaar later onverrigtersake terug na Engeland, waar hy tot 1949 in aanvraag was as dirigent, maar ook as komponis, soos van klankbane vir meer as 100 rolprente.

Sedert 1949 het hy verskeie dirigeerposte in SA bekleed, en was hy hoof van die destydse SAUK se musiekafdeling. Met sy uitrede daar was hy dosent aan die *College of Music* (1967-'73), en het hy hom meer toegelê op komposisie.

In 1975 was hy ook aflosdosent aan die Konservatorium in Stellenbosch. Hy het 'n belangrike rol vervul as mentor vir komponiste soos Graham Newcater en Roelof Temmingh, nou 'n oudosent van die Konservatorium.

Soos sy Afrikaanse oratorium *Een Vaderland*, van 1979, getuig die *Karoo-simfonie* duidelik van die komponis se noue, hartstogtelike verbondenheid aan die land en sy mense, en die begeerte om iets van die wydsheid en uniekheid van die SA landskap weer te gee.

Sonder dat die komponis pertinent "programmaties" te werk gegaan het, kan mens die komposisie verstaan as 'n stel van vier taferele, met opeenvolgend die "besielende eensaamheid" van die Karoo, die unieke dierelewe, die neerdrukkende effek van lang durige droogte, en die onvermydelike en onvoorspelbare reënstorm, met die daaropvolgende omskepping van die landskap tot 'n tuin.

Die werk is dus in die tradisie van werke soos Beethoven se "pastorale" simfonie of Vaughan Williams se "see"-simfonie.



Gideon Fagan

Die ander werk op die program is Mozart se "sinfonia concertante" vir viool en altviool, met Suzanne Martens en David Snaith as soliste. Die uitvoering word voorafgegaan deur 'n toeligtingspraatjie, om 19:00 in die Jannasch-saal.

– IZAK GROVÉ

30 X 30

g sale verkoping sale verkop

Annual sale at Art Gallery

Artists are invited to participate in the sixth annual *SALE 30 X 30* at the Stellenbosch University Art Gallery, corner of Dorp and Bird Street, Stellenbosch, from Thursday 15 October 2009 until Wednesday 11 November 2009. Each artist may present three works, to be delivered at the Art Gallery on Monday 12 October, from 09:00 to 17:00. Please contact: Colijn Strydom at suz@sun.ac.za or tel. 021 808 3524/3489, fax 021 808 3669.

Filosofiese vrae uitgebeeld

Die Departement Filosofie en Departement Visuele Kunste het saam *Tien filosofiese vrae* tot stand gebring, 'n uitstalling van tien plaaslike kunstenaars se werk, gebaseer op vrae deur tien plaaslike filosofe. Dit is net tot 4 Oktober in die US Kunsgalery te sien.

Filosofie-departementslede het die tien essays geskryf, elkeen oor 'n ander tema wat pertinent is tot Westerse filosofiese denke. Visuele Kunste het 'n visuele respons op elkeen gelewer. Elke filosofiese teks is langs 'n bypassende kunswerk te sien. Dit is die voorloper van 'n beoogde boek.

Besoek die US Kunsgalery (h.v. Dorp- en Birdstraat) op Maandae-Vrydae 09:00-17:00 en Saterdag 09:00-13:00.

Kunstenaar 'verf' met plastiek

Mbongeni Buthelezi se eerste nasionale solo-uitstalling is nog tot 24 Oktober in die Sasol Kunsmuseum te sien. Dié kunstenaar smelt plastiek met 'n blaasvlam en "verf" dit dan aan – in verskillende kleure, met breë "kwashale" of deur lyntekeninge – in 18 verskillende tegnieke, elkeen subtiel anders.

Die uitstalling, *Imizwa Yami* (my gevoelens) gee 'n beeld van hoe dié uitsonderlike kunstenaar sy Suid-Afrikaanse ervaring uitdruk. Daar is wit en swart portrette uit die reeks *Childhood* te sien, asook sepiawerke van die reeks *Winter in Kliptown* en ander nuwe werke gekoppel aan temas.

Die uitstalling se katalogus verstewig Buthelezi se posisie as uitsonderlike Suid-Afrikaanse kunstenaars. Hy het met internasionale uitstallings in New York en in Europa sy merk gemaak.

Op 3-4 Oktober neem hy deel aan die Stellenbosse Spring Art Tour, met 'n demonstrasie (3 Oktober, 10:00) van sy eiesoortige tegniek (koste R20) en op 4 Oktober (11:00) met 'n gratis rondleiding. Bespreek vir elkeen vooraf by 021 808 3691/5.



Selfportret, een van die werke op die uitstalling.

Visual Arts presents exhibition

Case Studies, work by present and past teaching staff and postgraduate students, at the Department of Visual Arts, 3-4 October, highlights works in a variety of media produced as independent work or part of recent collaborative projects.

Included are works by, among others, Katherine Bull, Elmarie Costandius, Karlén de Villiers, Brendhan Dickerson, Keith Dietrich, Elizabeth Gunter, Jeanne Hoffman, Verna Jooste, Marthie Kaden, Anton Kannemeyer, Andy Mason, Nanette Nel, Kathryn Smith, Carine Terreblanche, Hentie van der Merwe, Vivian van der Merwe, Ernst van der Wal and James Webb; and current postgraduate students Hendrick L. Coetzee, Rachael Colette, Larita Engelbrecht, John Henry Foster, Corlia Harmsen, Gina Heyer, Lunga Kama, Ferdinand Kidd, Lara Kruger, Berry Meyer, Zahn Rust, Wessel Snyman, Gussie van der Merwe, Lorinda van Heerden, De Villiers Venter and Niel Vosloo.

On 3 October (14:00) Kathryn Smith will present *Including Visual Sleuthing: Is art a code that needs cracking, or a liberating proposition?* Yvonne Broodryk at 021 808 2885 or yvonne@sun.ac.za has more information about this.

Exciting fare rounds off 2009 Concert Series

UNIVERSITEIT STELLENBOSCH UNIVERSITY
DEPARTEMENT MUSIEK | DEPARTMENT OF MUSIC
KONSERVATORIUM



The highly successful Konservatorium Concert Series will round off 2009 with four fabulous programmes in the splendid acoustics of the Endler Hall on October 3, 11 and 17 as well as November 15.

This year alone, the Endler Hall, intimate, yet large enough for a full symphony orchestra, has hosted musicians such as Ilya Gringolts, Francois du Toit, Douglas Masek, Nina Schumann, Luis Magalhaes, the Stellenbosch University Symphony orchestra and Symphonic Wind Ensemble as well as several choirs, including the SU Choir, to name but a few.

On 3 October at 20:00, the Stellenbosch University Symphony Orchestra will play their final performance of the year under the baton of well-loved maestro, Corvin Matei. This concert, sponsored by the *Akademie vir Wetenskap en Kuns*, is billed as the *Rektorskonsert* and features an important revival of the Gideon Fagan *Karoo Symphony* (see story elsewhere on page).

The second of the 2009 Matinee concerts, *Baroque Blast*, on 11 October at 16:30, will feature staff and students in a fundraiser including some of the world's most sublime and invigorating music. Members of the SU Symphonic Wind Ensemble and the Stellenbosch Camerata will be joined by Schola Cantorum, with soloists Bennie van Eeden and Simone Kirsh (pianos), Corvin Matei

(flute) and Mario Nell (organ) in a programme commemorating the genius of Gabrielli, Bach and Vivaldi.


Choral Spectacular, celebrating the most beautiful instrument of all, the human voice, will follow on 17 October at 20:00. This concert will be shared by the Stellenbosch University Choir, conducted by André van der Merwe, Canticum Novum, conducted by Louis van der Watt and Schola Cantorum, conducted by Rudolf de Beer. As a rousing finale, these choirs will combine to present a powerful reading of extracts from Carl Orff's *Carmina Burana*.

On 15 November at 20:00, multi award-winning South African pianist Ben Schoeman will give a solo recital including the Sonata no. 2 in A major, Op. 2, no. 2 by Beethoven, S Rachmaninoff's Variations on a theme by Corelli, Op. 42 and Brahms' Sonata no. 3 in F minor, Op. 5. Schoeman, who lives in Europe now, recently won the Unisa International Piano Competition. His dazzling performances, both here and abroad, have already earned him an international reputation of note.

Tickets (R90/R70 for 3 October and R80/R60 for the other concerts) are available at Computicket on 083 915 8000 or www.computicket.com or at Checkers, Shoprite and MTN. For more information please contact the Konservatorium on 021 808 2343, email music@sun.ac.za or visit www.sun.ac.za/music


– LOUISE HOWLETT

BOEKE / BOOKS



MARITIME SECURITY IN SOUTHERN AFRICAN WATERS
Editors: Thean Potgieter & Reiner Pommerin

Two thirds of the world population lies within 60 kilometres of the sea. Much of the well-being of our planet is dependent on the sea as the bulk of international trade passes across oceans and through ports, while the sea is a rich source of protein and contains profound wealth in terms of energy and natural resources. Inevitably, economic stability and development are therefore closely linked to maritime security.



RELIABILITY ANALYSIS FOR STRUCTURAL DESIGN
Author: Milan Holický

Reliability analysis for structural design provides an effective and consistent introduction of the theory of structural reliability. The wide involvement of the author in the development of such design standards at various levels results in his ability to introduce advanced concepts in a clear and practical manner. The book consequently not only provides an appreciation for the way in which reliability-based partial factor limit states design procedures are formulated in design standards, but also for ways in which these principles can be applied in design practice, particularly where high demands are placed on structural performance.

Nuwe werk in die Ou Conserve uitgevoer

'n Nuwe werk van die Stellenbosse komponis Paul Loeb van Zuilenburg word op Sondagmiddag 25 Oktober in die Ou Conservatorium in Van Riebeeckstraat uitgevoer. Die komponis is 'n oudosent van die Universiteit Stellenbosch wat onder meer met die Departement Musiek se gesogte Parnassus-toekenning vereer is. Marietjie Pauw en Annamarië Bam speel sy duo vir dwarsfluit en klarinet. Die twee kunstenaars vorm saam met pianis Benjamin van Eeden die *Taffanel Trio*. Die uitvoering begin om vyfuur. Kaartjies (R50) gaan by die uitvoering beskikbaar wees. Viola Calitz by Bio-bou, tel 021 808 3054, vjc@sun.ac.za of www.sun.ac.za/botaniestuin het meer inligting hieroor.

These titles are available from African SUNMeDIA Pty (Ltd)

www.africansunmedia.co.za

www.sun-e-shop.co.za

africansunmedia@sun.ac.za

(021) 808 2401

(021) 808 2626

**PROFESSORALE INTREEREDES
INAUGURAL LECTURES**



Above: Both Prof Soraya Seedat, from the Department of Psychiatry, and Prof Wolfgang Preiser, from the Division of Medical Virology, recently delivered their inaugural lectures at the Tygerberg Campus. Seedat addressed "Psychiatry: A time of disruptive insights?" and Preiser's inaugural lecture was entitled "Diagnostic virology – excessive expenditure or essential contribution to healthcare?". At the lectures were, from left, Dr Therese Fish, Deputy Dean: Community Interaction, Prof Jimmy Volmink, Deputy Dean: Research, Prof Seedat; Prof Julian Smith, Vice-Rector: Community Interaction and Personnel, Prof Preiser; Prof Wynand van der Merwe, Dean of the faculty, and Prof Marietjie de Villiers, Deputy Dean: Education.



Bo: Die Viserektor: Onderrig, prof Magda Fourie, en die dekaan van Lettere en Sosiale Wetenskappe, prof Hennie Kotzé (regs) by prof Hannes van der Merwe van die Departement Geografie en Omgewingstudies toe hy sy professorale intreerede gelewer het. Hy het gepraat oor *Geography: Reflections on the image and status of a bridging discipline*.



Links: Prof Karen Esler van die Departement Bewarings-ekologie en Entomologie het onlangs haar professorale intreerede oor *The Ecology of Academia*, in die JS Marais-gebou gehou. Sy is hier by prof Mohammed Karaan (links), Dekaan van die Fakulteit AgriWetenskappe en Arnold van Zyl, Viserektor: Navorsing.



Bo: Loslitdag, vroeg in September, se tema was vanjaar 'n verskoning om by die werk sportief te lyk. Twee van die viserektore, proff Magda Fourie en Julian Smith, is hier by nog personeellede van die rektorsafdeling in hul Loslit-uitrustings. Van links agter is Inge-Rae Scholtz, Laetitia van der Merwe, prof Smith, Carol Lawrence en Jean Pretorius, met (voor) Mariëtte Hanekom, Johanna van Niekerk, Chriszelda Adendorff en prof Fourie.

Sportief by die werk



Personeelede van die Afdeling Komersiële Dienste op Loslitdag is (agter) Laura Stuurman, Johan Kleynhans, Tutu de Kock, Janean Jeppe en Bettie Preller. Voor is Joshwayne Newman en Hein Swanepoel.



Karre se trappers spook dit uit

Sestien spanne het dit vroeër dié maand weer op die kampus uitgespook vir die Fakulteit ingenieurswese se jaarlikse Trapkarwedren – wat met 'n onderbreking tussenin sedert 1971 hier gehou word. Koshuis-, departments- en privaatspanne het in uithou- én spoedwedrenne meegeding, met die privaatspan Lambda in die eerste plek. Hulle is huis toe met 'n trofee én R1 600 aan prysgeld. Mans- en vrouspanne het deelgeneem. Sien foto's en meer oor die wedren op die Ingenieurs-studenteraad, wat die wedren reël, se webtuiste: <http://www.sun.ac.za/isr>

Regs: Sidney February van die JS Gericke Biblioteek was die individuele wenner van die kompetisie vir die Bes Geklede Loslit-deelnemer. By hom is een van sy kollegas, Paulette Talliard.



Die volgende uitgawe van Kampusnuus verskyn op 26 Oktober 2009
Redakteur: Hans Oosthuizen (wnd) **Bladontwerp:** Heloise Davis **Drukwerk:** Shumani Printers
Advertensies: Conita Henry, tel: 808 4632, e-pos: chenry@sun.ac.za **Redaksionele bydraes aan:** Die Redakteur, Admin B-gebou, tel: (021) 808 3724, faks: (021) 808 3800, e-pos: kampusnuus@sun.ac.za

